WATERLOO SOLAR

KWARTAAL 1 2023

NUUSBRIEF

SAFA D-LISENSIE- GEAKKREDITEERDE **OPLEIDINGSKURSUS VIR PLAASLIKE AFRIGTERS**

In samewerking met die Naledi Munisipaliteit se Sporteenheid, die Departement van Sport, Kuns en Kultuur en die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging het ons 'n SAFA D-Lisensie- geakkrediteerde opleidingskursus van agt dae geborg, waarby sowat 20 afrigters in die Naledi Munisipaliteit gebaat het.

Die opleiding het teoretiese en praktiese sessies ingesluit wat afrigters geleer het hoe om 'n jaarlikse opleidingsplan en ouderdom-gepaste oefensessies te ontwikkel. Die afrigters sal nou by die skole in die Naledi Munisipaliteit geplaas word, waar hulle gemoniteer en ondersteun sal word om te verseker dat hulle toepas wat hulle tydens die opleiding geleer het.

"Ons het 'n redelike jong groep afrigters gehad vir wie die afrigtingsmetodologie nuut was, maar hulle entoesiasme en gretigheid om te leer, sal verseker dat hulle bevoegde afrigters word." **Klaas-Jan Top, afrigter vir die SAFA D-lisensie.**

SKOOLUNIFORMS AAN DIE PLAASLIKE LAERSKOOL **GESKENK**

As deel van ons Terug Skool Toe-inisiatief het ons skooluniforms, skoene en rugsakke aan 100 leerders in die Colinda Laerskool geskenk. Dit is 'n belegging in die opvoeding van 'n kind en gee aan leerders 'n geleentheid om die beste weergawe van hulleself te word.

Met hierdie skenking kan leerders as deel van die skool geïdentifiseer word en soos hulle maats lyk, wat hulle motiveer om aan die onderwysproses deel te neem.

"Ons is dankbaar teenoor Waterloo Solar vir hierdie ondersteuning. Hierdie skenking sal baie doen om seker te maak dat ons leerders met beperkte finansiële middele met waardigheid kan skoolgaan." **- Mev. De Klerk, skoolhoof.**

KMMO-GRADUERING VIR **KOHORT 1 EN 2**

Plaaslike entrepreneurs wat deel van ons KMMO Inkubasie- en Versnellingsprojek is, het suksesvol gegradueer. Die gradeplegtigheid, wat op 8 Maart 2023 plaasgevind het, is deur afgevaardigdes van die Naledi Munisipaliteit se PEO-kantoor en Sporteenheid bygewoon.

Die doel van die program is om KMMO's te ondersteun om selfonderhoudend en volhoubaar te word.

"Ons waardeer die werk wat deur Waterloo Solar gedoen word om ons KMMO's en die groter gemeenskap te ondersteun. Dit is belangrik, aangesien dit die plaaslike ekonomie toelaat om te groei en floreer." **Raadslid H van Huyssteen.**

BEURS**PROGRAM**

Ons het onlangs 'n uitnemendheidstoekenning-seremonie vir graad 12's in die Naledi Munisipaliteit se Banketsaal aangebied, waar Katlego Bosman, een van ons beursprogramontvangers en 'n voormalige leerder aan die Colinda Hoërskool, 'n gasspreker was.

Ten spyte van 'n paar uitdagings in haar tweede jaar het Katlego dit reggekry om met 'n gemiddelde van 75% met onderskeiding te slaag. Sy is nou in haar derde jaar van BEd-studies aan die Universiteit van die Vrystaat.

Katlego het graad 12-leerders aangemoedig om gedissiplineerd en toegewyd in hulle studies te wees, en hulle gewaarsku as hulle dit nie doen nie, hulle die uitdagings van tersiêre-onderwysstudies moeilik sal vind. Sy het hulle ook gemotiveer om die geleenthede aan te gryp wat verskaf word, aangesien dit hulle sukses sal verseker.

"Ons doel is om ons leerders met tasbare bewyse te inspireer en aan te moedig om te wys dat hulle met deursettingsvermoë en harde werk ook hulle doelwitte kan bereik. Ons is vol vertroue dat Katlego sal voortgaan om uitmuntend in haar akademiese aktiwiteite te presteer en dat haar reis as 'n bron van motivering vir ander sal dien." **Claire Phutieagae, gemeenskapskakelbeampte, Waterloo Solar.**

KWARTAALLIKSE **BESTEDING**



KONTAK **ONS**

WaterlooSolarCommunity
45 De Cock Street, Kanana, 794 Mebane Str

Kantoorure
08h00-16h00 Maandae tot Vrydae

Gemeenskap Skakelbeampte
Claire Phutieagae
066 255 5815
claire.phutieagae@eimsafrica.com